## 1 Maart - DIENAAR

**Skrifgedeelte: Matteus 20:17-28 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 20:16, 17**

Hoeveel ellende en twis en tweedrag en skeuring kon nie voorkom word indien gelowiges hierdie les maar net wou leer nie.

In die koninkryk geld totaal ander beginsels en beskouinge as in die wêreld. In die oë van die wêreld is dit grootsheid, as iemand heers en gesag uitoefen en baas is oor ander en voorrang bo ander geniet.

Dis waarvoor die seuns van Sebedeus ook gepleit het: voorrang bo die ander dissipels. En natuurlik verskil die ander tien se gesindheid glad nie van hierdie twee nie. Daarom is hulle so verontwaardig dat die twee kon dink dat húlle voorrang bo die res sou ontvang, terwyl elkeen eintlik gemeen het dat die voorrang homself toekom.

So, sê Jesus egter, dink en redeneer en werk dit in die wêreld. Daar behoort die voorrang en aansien aan owerstes en groot manne wat gesag uitoefen. In die koninkryk werk dit anders. Daar is die een wat ander dien en afstand doen van alle gesag, die een wat klein word in diens, waarlik groot en die eerste. En Jesus is hierin die Voorganger. Hy het gekom om te dien, en nie om gedien te word nie.

Hierdie bereidheid tot diens aan ander stry teen ons natuurlike aard. Die heerssugtigheid en strewe na grootsheid kom ook eers tot 'n einde in onsself wanneer ons deur die Seun van die mens "gedien" is.

Wie verstaan dat Hy aan die kruis hang en die beker van smarte ledig en die doop van Godverlatenheid ervaar om jou en my saligheid te dien, verloor begeerte na aansien en gesag en posisie. Die Gees maak so iemand wat deur Jesus bedien is, kneg en dienaar van ander.

Ag, as ons dit nou net kan onthou, ook in ons gemeente!

*Sing: Psalm 116:9, 10 (1936-beryming)* *Ds BC Smit (Pretoria-Meintjeskop)*